Dr. C. Gilhuis, *Pastorale Zorg aan Bejaarden*. (Uitgewers: J. H. Kok, N.V. Kampen.)

Bogenoemde is 'n proefskrif en wel op die terrein van die praktiese teologie. Dit kom van Gereformeerde kant. Dis 'n wetenskaplike werk. Hy skryf teen die agtergrond van die beskouing dat die praktiese teologie nie 'n versameling van praktiese wenke is nie maar 'n grondige wetenskap. Eg Gereformeerd, noem hy dit die *theologie van het ambt* (bl. 5) wat skraal afsteek teen die formulering van Alfred Dedo Müller: Praktische Theologie ist die Theologische Lehre von der richtigen Verwirklichung des Reiches Gottes in der Kirche und durch die Kirche in der Welt."

Die boek is groot van opset. Dit getuig van diepgaande en wye studie en 'n mens verdwaal gelukkig nie in ongeordende gegewensmassas nie. Alles word kort en saaklik aangewend of as ondergrond gebruik.

Wat die wetenskaplike sy betref: Die skrywer wek belangstelling vir differensiële sielsorg.

Wat die praktiese aspek betref, het die boek groot waarde vir die regte begrip by die pastorale versorging van die bejaarde. Die pastorale aksie teenoor die bejaardes is in die boek egter nie gewortel in die psigologie nie maar in die Heilige Skrif. Die psigologie is egter 'n noodsaaklike hulpmiddel.

Die boek word aanbeveel vir elke predikant en versorger van oues van dae.

L. M. le Roux,
Pretoria-Oos.